

WATER BESPARINGS WENKE



WATER IS LIFE - SANITATION IS DIGNITY



- Lei jou tuin minder gereeld nat, maar maak dit goed nat. 'n Tuinslang kan soveel as 30 liter water per minuut gebruik.
- Roei uitheemse indringerplante op jou eiendom uit.
- Dakwater kan ook winsgewend in tenke gestoor en gebruik word om die tuin nat te lei.
- Gebruik gryswater (badwater en water uit die wasmasjien en ander veilige bronne) om jou tuin nat te lei.

Uitleg en ontwerp deur:
Kommunikasiedienste
Departement van Water en Sanitasie

0800 200 200
www.dws.gov.za

WENKE OM WATER TE BESPAAR

IN EN OM DIE HUIS OF BESIGHEID

- Draai die krane toe terwyl jy jou gesig was, tande borsel of skeer.
- Stort elke dag vir vyf minute in plaas daarvan om te bad. So gebruik jy 'n derde van die water en bespaar jy tot 400 liter water per week. 'n Stort gebruik tot 20 liter water per minuut.
- As jy verkies om te bad, moenie die bad voltap nie en deel jou badwater. As jy bad, gebruik jy tussen 80 en 150 liter water.
- Gebruik laevloeistortkoppe, 'n toilet met 'n multi- of tweeledige spoelmeganisme en wasmasjiene wat waterdoeltreffend is.
- Moenie die ketel propvol maak nie. Vul dit met net genoeg water om aan jou behoeftes te voldoen. Dit sal ook help om jou kragrekening te verlaag.
- Moenie te veel water in kookgerei gebruik nie. Dan verbruik jy meer energie om die water te verhit.

- Jy kan jou totale waterverbruik met 20% verminder deur die totale vloei-volume van die toilet te verminder. Plaas 'n 2-literkoeldrankbottel, wat jy vul met water en 'n bietjie sand vir ekstra gewig, in die toiletbak.
- Herstel toilette wat lek. Herstelwerk kan jaarliks tot 100 000 liter water bespaar.
- Moenie die toilet onnodig spoel nie. Gooi snesies, insekte en ander afval eerder in die asblik as in die toilet. Elke keer as jy die toilet spoel, gebruik jy 12 liter water.
- Gebruik gryswater – badwater en water uit die wasmasjiene en ander veilige bronne - om die toilet te spoel.
- Moenie jou swembad oorvol maak of uitermatig terugspoel nie.
- Gebruik eerder 'n emmer as 'n tuinslang as jy jou kar was. As jy 'n tuinslang moet gebruik, gebruik 'n tuinslang met sproeikop wat jy kan toedraai terwyl jy die kar sproei. 'n Tuinslang kan soveel as 30 liter water per minuut gebruik.
- Moenie verf en chemikalieë in 'n dreineergat afgooi nie.

- Boere moet seker maak dat hulle giftige insekdoder weghou van waterbronne en strome.
- Fabrieke moet versigtig wees wanneer hulle wegdoen met kwik en ander swaarmetale in afvalwater.
- Mense in landelike gebiede moenie die rivier of die rivieroewer as 'n toilet gebruik nie.

IN DIE TUIN

- Lei jou plante altyd in die vroeë oggendure of in die aand nat wanneer dit koeler is. As jy die tuin tussen 10:00 en 15:00 natlei, kan jy tot 90% van die water aan verdamping verloor.
- Elke keer as jy 'n eier kook, gebruik die afgekoelde water vir jou huisplante. Die plante trek voordeel uit die voedingstowwe wat deur die eierdoppe vrygestel word.
- Spits jou toe op inheemse en waterbesparende uitheemse plante (maar nie indringerplante nie).
- Groepeer plante volgens hulle waterbehoefte en gee dit 'n deklaag.